



Geloofd sy die Here!

Teks vir die preek:

“U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstrewiges om daar te woon, o HERE God!”.

Psalm 68:19

P Venter

© 2011

www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Ps 24:4, 5
3. Wetslesing
4. Sing Ps 36:3
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 68; Efesiërs 4:1-16
7. Teks: Psalm 68:19; Efesiërs 4:8-10
8. Preek
9. Sing Ps 47:3, 4
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Ps 68:8, 9
13. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Daar is heelwat Psalms wat ons op geen wyse van Christus se hemelvaart kan losmaak nie. Broeder en suster, Psalm 24:9 *“Hef op julle hoofde o poorte, ja hef op ewige deure, dat die Erekening kan ingaan...”* Ps.47:6 die aangrypende *“God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank...”* en die gelese Psalm vanaand - Psalm 68. Ons teksvers in Psalm 68 begin – *“U het opgeklim na die hoogte...”* Ons weet dat hierdie Psalms eintlik as profesie gesien moes word, 'n profesie van Jesus Christus se hemelvaart. Tog moet ons nie die ryke betekenis waarin God hierdie Psalms tot Israel laat spreek het, vergeet nie. In die ryke betekenis vir Israel, maak dit die betekenis van Christus se hemelvaart net nog ryker vir ons. Dit staan buite alle twyfel dat Efesiërs 4, waar die Here deur Paulus met ons praat, ook Paulus beslis Psalm 68 sien as die profesie van Christus se hemelvaart. Paulus is in Ef.4 met die hemelvaart van Christus besig as hy met Psalm 68 besig is!

Dit het ons in Efesiërs 4 geles hoe Paulus self hierdie Psalm aanhaal - Paulus wys daarop dat dit eintlik die Here is wat vanuit hierdie psalm praat. Die 'Hy' wat praat is die HERE - *“Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. Maar dít: Hy het opgevaar -- wat beteken dít anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?”* (Ef. 4:8-9). Ons lees in hierdie psalm *“U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense..”* Laat ons stilstaan by wat in beide die gedeeltes vir ons vasstaan.

In Psalm 68 asook Efesiërs 4 is daar drie hoofgedagtes.

- 1. Die opklim na die hoogte.**
- 2. Daar is 'n gevangeneming.**
- 3. Die geskenke of gawes wat ter sprake kom.**

Die opklim na die hoogte

Wanneer God in Psalm 68 met ons praat, is Hy die almagtige God wat as Oorwinnaar gesien moet word. God wys nie maar net op Homself as Oorwinnaar nie, maar juis is die oorwinning van God in belang van die swakke mensekind, die hulpelose, die een wat nie weet waar daar vir hom uitkoms is nie. Psalm 68 gee eintlik vir Israel kortom 'n hele curriculum vitae vanwaar hulle kom en wat in hulle bestaan net groter en groter betekenis sal kry.

As ons die kort voëlvlug deur die Psalm mag maak, dan staan daar in vers 2-3 hoe God opstaan, hoe Hy sy vyande tref. Hulle raak verstrooid, hulle vlug eenvoudig voor die Here weg. Die aangrypende beeld van kerswas in 'n vuurvlam word gebruik. Die kerswas wat eenvoudig wegsmelt, is soos die goddelose, hulle word eenvoudig weggesmelt, weggedryf soos rook wat van 'n vuur wegtrek. Daar is geen vyand wat voor die majesteit van God en die heerlijkheid van God staande kan bly nie. Nou word dit baie persoonlik.

God verlos op 'n baie besondere wyse. God wat voor sy volk in die woestyn uitgestap het. *Vers 5 - "Hy wat deur die woestynvlaktes ry, HERE is sy Naam.." vers 8 - "o God toe U uitgetrek het voor u volk, toe U voortgestap het in die wildernis.." Dan kom die Psalm by daardie deel van Israel se geskiedenis waar hulle by die berg Sinai moes gaan stilstaan. Vers 9 - "Die aarde het gebewe.." In alles is God voor. Hy wat Israel uit Egipte verlos het, is dieselfde God wat in die woestyn water skenk. Hy is dieselfde God van die Rigters. Ook in die tyd van Rigters het God uitgelei en bevry, hierdie verlossing kom ook in die Psalm terug. In Rigters 5:4 lees ons die lied van Debora waar sy God prys, hoe Hy voor stap, oorvloedige reëns gee, sy hulpelose volk versorg - "HERE, toe U uitgetrek het uit Seir, toe U voortgestap het uit die veld van Edom, het die aarde gebeef ook het die hemel gedrup, ook het die wolke water gedrup..." "*

Ps. 68:9-10 is dit byna woordeliks Debora se lied en so bou die Psalm al hoër op, want aan die majesteit van God, aan die heerlijkheid van die onveranderlike God is daar geen einde nie. Dawid is self die getuie van God wat hom in al sy oorloë vooruitgegaan het en hom naby was. Soos baie waens trek God in sy heerlijkheid hom vooruit – vers 18 *"Die waens van God is tienduisende, duisend maal duisende; die Here is onder hulle; dit is Sinai in heiligheid."* Die heerlijkheid van God beteken ook die heiligheid van God.

As ons na al die hemelvaart psalms sou bestudeer, Ps. 24, 47, 68 - daar is dalk nog meer, kom die Here as die Oorwinnaar na vore. God alleen moet die eer kry, maar nou is ons waar Paulus ook was, die opklim van die Here is nie los te maak van die Here se afkom na ons toe nie. Daar is niks wat God van Homself in die Ou Testament openbaar wat nie ook op Christus betrekking het nie. Ons het gesien hoe Psalm 68 God se oorwinning besing en hoe God oor die vyande seëvier, die vyande wat soos kerswas wegsmelt, maar Dawid het in Psalm 68 'n baie besondere belewenis gehad. Ons moet die geskiedenis van 2 Sam. 6

hierin raaksien. Elke jaar is daar 'n feesoptog as herdenking gehou toe die verbondsark van die huis van Obed na Jerusalem kon opgaan.

Tydens die geleentheid waar die ark as die troon van God na die hoogte van Sion, in Jerusalem, opgedra word, dan sien hulle hoe God na die hoogte opklim. Ons lees in 2 Sam. 6 oor die uitbundige vreugde wat Dawid voor die ark laat dans het. Hy het ook vir sy volk in Jerusalem, manne sowel as vroue, broodkoek, vleis en rosynekoek uitgedeel... dit was soos geskenke wat die volk ontvang het. Vir hulle het die ark beteken dat die Here opgeklim het na die hoogte. God is die Een wat in sy opgaan, in sy oorwinning gawes uitdeel.

Die gevangeneming

By die oorwinning van oorloë van die konings in die Ou Testament, ook Dawid, het hulle die vyande as krygsgevangenes met hulle saamgebring. Hierdie verslane vyand is in die triomftog van die oorwinnende koning as deel van hulle buit meegevoer. Daarin word God dan ook as Oorwinnaar gesien, omdat God eintlik vir ons opgestaan het. God het ingegryp, Hy het ons vyande aan ons onderwerp, en Hy doen dit weer en weer. Daarom as ons hierdie Psalm sing, dan gaan dit oor dat daar dag na dag hierdie seëninge van God op ons afkom. Ons sing dit dan ook - *“Geloof sy God met diep ontsag, want Hy oorlaai ons dag aan dag met ryke seëninge...”*

Hier gebeur iets besonder - In die Psalm lees ons - *“U het opgeklim na die hoogtes, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense...”* Na Jesus se kruisdood, vóór sy dood waar Hyself ook gevange geneem is, Hy wat Homself aan hulpeloosheid onderwerp het, want Hy ken ons die hulpeloses. Hy het gesterf om vir ons skuld te betaal, daarvoor is Hy gevang, het Hy gesterwe, is Hy begrawe maar Hy het uit die dood opgestaan. Hy is geen gevangene van die dood meer nie, Hy het die dood oorwin. Ja, nou kan die dood Hom nie meer gevange neem nie, maar dit staan mooi omgekeerd, nou is die dood 'n gevangene van Hom! Christus het die duiwel, die dood, die sonde en die hel oorwin. Hulle is nou gevange vyande, hulle krag is gebreek, as krygsgevangenes het Christus hulle as't ware nou gevange geneem. As 'n magtelose vyand staan die duiwel en sy mag ten toon gestel. Niks is daar wat ons van God kan skei nie.

Hoeveel te meer kan ons nou uitroep dat Christus die dood gedood het en die gevangenes gevang het. Hy wat opgevaar het, opgeklim het in die hoogte. Dit is vir Paulus uiters belangrik dat ons sal beseef – Hy wat opgevaar het - *“wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde? Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.”*

Christus se opvaar moes deur die neerdaling voorafgegaan word. Christus wat na die laer dele, na die aarde moes kom. Christus se hemelvaart staan onlosmaaklik aan sy neerdaal verbind, die verbinding tussen hemel en aarde kan net Een wees, nl. Christus, soos daar net *“een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is”*. Hier het net hierdie één Here, ons Here Jesus Christus, wat na die laagtes moes kom, verneder en in die laagte, het Hy die grootste oorlog moes voer, die oorlog teen Satan. Hier het Christus Hom nog verder moes verneder, verneder tot aan die kruis, daar het Hy in alles moes neerdaal.

En waar dit sou gaan tot die diepste neerdaling - in die onderste dele van die aarde - het Hy wat neerdedaal het, ook opgevaar. So laag soos sy neerdaling op aarde was, in die grootste kontras, staan sy hemelvaart nou in die hoogste hoogtes – bokant al die hemele-opgevaar. In die hoogste plek wat daar in die heelal kan wees, daar het Hy heengevaar. Nou lê Paulus nie soveel klem op die ruimtelike afstand van laag na hoog nie, maar saam met Paulus wys die Here eintlik vir ons die geweldige teenstelling in wat sy vernedering was en wat die verhoging van Christus nou vir ons moet beteken. Hy wat alles tot volheid kan bring. Dit sluit aan by Ef.1:22-23 - *“Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee.”* Vir die gemeente van God- die liggaam van Christus- het Hy *“die volheid van Hom wat alles in almal vervul...”* gegee. Die ganse kosmos van God sal by die hemelvaart baat kan vind. Hy deurdring die ganse kosmos met sy heerskappy, ja in Hom word alles herenig - Ef. 1:10 - *“om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een Hoof in Christus te verenig.”* As ons die rykdom van God se gevangening en alles wat God in Christus kon saamsluit in die geloof, verenig kan sien, dan gaan dit ook oor ons derde gedagte uit Psalm 68.

Die geskenke of gawes wat ter sprake kom

Hier gebeur vanaf Psalm 68 na Efesiërs 4 iets van 'n omruiling - Psalm 68 staan - *“U het geskenke geneem onder die mense...”* terwyl in Efesiërs 4 staan - dat God *“het gawes*

aan die mense gegee...” Broeder en suster, ons moet geen teenstelling hierin sien nie. Die koning in Israel van Psalm 68 het geen behoefte aan die buit wat hulle met die oorlog van die ander volke kon neem nie. Die buit na die oorlog is dan gewoonlik onder die volk verdeel.

Dit maak God, die ewige Koning, die hoogste Koning net nog meer lofwaardig. Die grootste lof wat daar vir God moet wees, is waar sy liggaam, sy kerk ter sprake kom. Die kerk is die vergadering van God - God vergader self sy kerk. God wat uit ons, uit die hele mensdom vir Hom neem, dit wat Hy dan sy kerk noem, God neem juis om te gee. Christus het deur sy neerdaling, maar nou veral met sy verhoging die finale oorwinning behaal. Die Heilige Gees het Christus nou as eersteling gawe vir ons verwerf. Die ryke gawe van die Heilige Gees word nou aan sy kerk geskenk. As Psalm 68 praat van geskenke wat God geneem het, dan is dit eintlik maar net 'n bewys dat God uit wat aan Hom behoort, neem- uit sy eie geskenke want alles behoort aan Hom (Ps.24). Daarin deel Hy die gewone en buitengewone gawes aan ons uit. En dit spesifiek aan sy kerk, want ons besef as Ps.68 met Ef. 4 saamstaan en hulle staan ná Christus se hemelvaart saam - dan gaan al hierdie geskenke net vir een doel - en dit is dat God se kerk opgebou moet word.

As u Efesiërs 4 weer goed gaan deurlees, met die hemelvaartvieringe van Christus in gedagte, sal u opmerk dat die eenheid van Christus se kerk nie in die gedrang mag kom nie. Vir God is dit nie onderhandelbaar nie. Die eenheid is 'n gawe maar ook 'n opgawe. Die eenheid is 'n geskenk, maar nou word ons ook aangespoor dat daar met hierdie eenheid gewerk moet word. Hierdie eenheid moet bewaar word. Niemand is hierby uitgesluit nie. En hoe wonderlik laat God hierdie geskenk, sy eenheid tot ons kom. God gee dat daar ook 'n verskeidenheid in die eenheid sal wees. Vers 7 laat dit duidelik spreek - as die geskenk van Psalm 68 na jou toe kom - dan weet jy – *“aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus...”* elke lid – vers 16 sluit weer hierdie verskeidenheid van geskenke in die eenheid van God af - *“uit wie die hele liggaam -- goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate -- die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.”*

Elkeen wat hemelvaart kon vier en vir wie Pinkster die grootste geskenk van God beteken, het nou 'n eie bydrae om te lewer juis op grond van die gawes van Christus, om nou die eenheid te bewaar. Daar is niks wat mag losstaan van die eenheid wat God reeds bewerk

het nie. Alles van ons moet na die volle betekenis van Christus se opvaar na die hemel nou die opbou van sy kerk najaag. Elke deeltjie van hierdie opbou moet nou die eenheid dien - so staan dit ook in vers 13 - *“totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.”*

In die betekenis wat Christus se hemelvaart vir u moet hê, moet elkeen dan ook gerig wees op sy gawe wat God hom/haar gegee het om die eenheid net nog verder te bedien. Alles wat ons nodig het om dit te kan doen, het God ons reeds geskenk. Ons sal ook die betekenis van hierdie geskenk van God ontdek, sy een kerk, hierdie eenheid moet na twee kante toe uitgebou word. Verse 7-12 (Ef.4) wys op die verskillende gawes wat God reeds gegee het waarmee sy kerk opgebou moet word en hoe hierdie gawes die eenheid moet bewaar. Dan vanaf vv.13 -16 sien ons hoe hierdie verskillende gawes gebruik moet word – as daar nie geestelike groei is nie, word ons maar soos golwe rondgeslinger, dan sal ons nie na die volheid kan groei, na die eenheid waarna ons in alles moet heengroei nie.

Geliefdes, ons gaan hier weg met die rykdom van Psalm 68 wat in u lewe die eenheid van Efesiërs 4 met u moet saambring. Hy wat opgeklim het in die hoogte wil u by Hom hê. Daar aan die regterhand van God, daar regeer Hy, deur die krag van sy Heilige Gees het Hy ons as kerk saamgebring. Kragdadiglik werk Hy, dat ons sal bedink die dinge wat daarbo is. In elke opsig moet ons wat Psalm 68 dikwels sing, hierdie geloofslied, 'n oorwinningslied by uitnemendheid, laat beseef dat dit nie net 'n Psalm vir die aardse lewe is nie, maar ons sien Christus deur die wolke gaan. Hy wat die hemele ingegaan het - bokant alle hemele - is Hy. Hierdie hemelvaartslied is die rede vir Pinkster - die Heilige Gees het na ons afgekom - Christus in die hemel is die rede vir die Gees van God op die aarde. Dit was nodig vir ons Verlosser om op te vaar, dat sy Gees kon neerdaal.

Amen.